# Die erns van God se woord



**2024-05-26**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

## Psalm 19

Psa 19:8 Die wet van die HERE is volmaak: dit verkwik die siel; die
getuienis van die HERE is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige. 9 Die
bevele van die HERE is reg: hulle verbly die hart; die gebod van die HERE is
suiwer: dit verlig die oë. 10 Die vrees van die HERE is rein: dit bestaan tot
in ewigheid; die verordeninge van die HERE is waarheid—tesame is hulle
regverdig. 11 Hulle is begeerliker as goud, ja, as baie fyn goud; en soeter as
heuning en heuningstroop. 12 Ook word u kneg daardeur gewaarsku; in die
onderhouding daarvan is groot loon. 13 Die afdwalinge—wie bemerk hulle?
Spreek my vry van die wat verborge is. 14 Hou u kneg ook terug van
moedswillige sondes; laat dit nie oor my heers nie. Dan sal ek onbestraflik
wees en vry van groot oortreding. 15 Laat die woorde van my mond en die
oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, o HERE, my rots
en my verlosser!

## God se woord is perfek

Psa 19:8  Die wet van die HERE is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van die HERE is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige.

- God se woord, voorskrifte, onderwysing, lering, onderrig, wet.
- Laat jou hart juig.
- Sy bepalings in betroubaar.
- Dit maak die eenvoudiges slim en verstandig.
- Maak jou oë oop.
- Dit gee lig.
- Is perfek gevul met alles wat goed is.
- Dit wys ons ons sondes uit.
- Dit wys ons die pad om terug te keer na God toe.

2Tim 3:16  Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,
2Tim 3:17  sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

## Die Here se getuienis

Psa 19:8  Die wet van die HERE is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van die HERE is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige.

2Tim 3:14  Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het,
2Tim 3:15  en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus.

Psa 25:9  Hy sal die ootmoediges lei in die reg en die ootmoediges sy weg leer.

Psa 119:129  U getuienisse is wonderbaar; daarom bewaar my siel hulle.

Psa 119:130  Die opening van u woorde gee lig; dit maak die eenvoudiges verstandig.

## God se getuienis

1Jn 5:6 Dit is Hy wat deur water en bloed gekom het, Jesus die Christus; nie deur die water alleen nie, maar deur die water en die bloed; en dit is die Gees wat getuig, want die Gees is die waarheid. 7 Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een; 8 en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig. 9 As ons die getuienis van die mense aanneem—die getuienis van God is groter, omdat dit die getuienis is van God wat Hy aangaande sy Seun getuig het. 10 Wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself. Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat God aangaande sy Seun getuig het nie. 11 En dit is die getuienis: **dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun**. 12 Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.

## Die Here se bevele en gebod

Psa 19:9 Die bevele van die HERE is reg: hulle verbly die hart; die gebod van die HERE is suiwer: dit verlig die oë.

- Dit maak jou hart bly.
- God se bevele sal altyd die regte pad wees.
- Goed teenoor sleg en boosheid. (“Good vs evil”)
- Suiwer sonder enige donkerte
- Hierdie suiwerheid maak ons oë oop.
- Besef ons eie swakheid en sondes.

Psa 119:127 Daarom het ek u gebooie lief, meer as goud, ja, as baie fyn goud. 128 Daarom hou ek al die bevele aangaande alles vir reg; elke leuenpad haat ek.

## Die vrees van die Here

Psa 19:10  Die vrees van die HERE is rein: dit bestaan tot in ewigheid; die verordeninge van die HERE is waarheid—tesame is hulle regverdig.

- Bring reinheid
- Die vrees van die Here maak ons rein en skoon.
- “The fear of the Lord is pure / clean.”

Joh 15:3  Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het.

Psa 119:9  Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u woord.

## Regverdig en Waarheid

Psa 19:10  Die vrees van die HERE is rein: dit bestaan tot in ewigheid; die verordeninge van die HERE is waarheid—tesame is hulle regverdig.

- God se beslissings en voorskrifte is regverdig.
- Dit is ook die waarheid.

Psa 19:11  Hulle is begeerliker as goud, ja, as baie fyn goud; en soeter as heuning en heuningstroop.
Psa 19:12  Ook word u kneg daardeur gewaarsku; in die onderhouding daarvan is groot loon.

- Om God te vrees en te respekteer moet vir jou aangenaam wees.
- Dit help ons – waarskuwing.
- Daar is ‘n groot beloning daarin.

# Sondes en oortredinge

Psa 19:13 Die afdwalinge—wie bemerk hulle? Spreek my vry van die wat verborge is.
Psa 19:14 Hou u kneg ook terug van moedswillige sondes; laat dit nie oor my heers nie. Dan sal ek onbestraflik wees en vry van groot oortreding.

- Dawid begin om te bid sodat hy nie sou sondig nie.
- Noem ook van geheime sondes (verborge).
- Ons moet oor die sonde heers.
- Sonde uit swakheid - offer (Num 15:27-28)
- Moedswillige sondes - uitgeroei (Num 15:30-31)

1Jn 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; **en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.**

# Ons woorde, harte en gedagtes

Psa 19:15 Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, o HERE, my rots en my verlosser!

Psa 66:17 Ek het Hom aangeroep met my mond, en lofgesang was onder my tong. 18 As ek ongeregtigheid bedoel het in my hart, sou die Here nie gehoor het nie.

- Woorde
- Gedagtes, bepeinsing ("meditation of my heart")
- Belangrikheid om ons vol te maak van God se woord, voorskrifte, instruksies, opdragte, bevele, gebooie.
- Ook die Here se getuienis.
- Vrees vir die Here.

